Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za** **Uitgawe 53:** 24 Julie 2015

WILDE KWARTAAL VOOR!

Die derde kwartaal is voluit aan die gang en die tempo neem net toe! Hierdie is 'n besondere vol kwartaal met 'n magdom aktiwiteite, waaronder ons jaarlikse Interskole en Classic Clash teen Nico Malan. Intussen is die akademiese druk baie hoog, veral op ons matrieks, wat aan die einde van die kwartaal hul departementele Voorbereidende Eksamen skryf. Die eksamenrooster, soos deur die Departement voorsien, verskyn op bladsy 3.

Die ander grade sal kontroletoetse tydens die Toetsreeks skryf. Intussen sal al die ander assesseringaktiwiteite in die loop van die kwartaal afgehandel word. Raadpleeg gerus die Assesseringskalender wat u vroeër ontvang het.

Ons wil almal graag aanmoedig om akademies skouer aan die wiel te sit en alle agterstande ernstig aan te spreek. Die laaste kwartaal is belaglik kort en dan kom die eindeksamen aan die beurt. Geniet ook die volgende vyf weke se laaste wintersport-bepalings. Aan al ons kultuuraktiwiteite wat so hard werk wil ons spesiaal voorspoed toewens met die kompetisies en ander geleenthede waaraan hulle gaan deelneem in hierdie kwartaal. Onthou: In Framesby gee ons altyd net ons beste!

Die Revue was *GREAT!*

Gepraat van ons beste. **Baie geluk** aan al die leerders wat onder die bekwame leiding van Mev. Nash en Mej. Roodt betrokke was by die Revue wat hierdie week plaasgevind het. ***My # Lewe*** was GREAT! Baie dankie vir julle harde werk en al die ure wat julle opgeoffer het. Ons weet julle dit nooit sal vergeet nie, en dat julle vriende *for life* gemaak het. Framesby is BAIE trots op julle. Vir die res wat uitgemis het

Groot Rugby môre
Die klubhuis is vanaand oop.

FOV nooi alle ouers en ondersteuners. Lekker Hamburger en chips @ R25!

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Ruhan Kleyn 12C
Marja Weyers 8F
Deandré Marais 8G
Monray Potgieter 9C

Sondag
Ilandré Kriel 8D
Elzabé van Niekerk 9B

Maandag
Reoné Goosen 10F
Brigitte Muller 11E
Enrique Gouws 12H
Bianca Burger 9E

Dinsdag
Lucyan Dart 9A

Woensdag
Shane Rademeyer 11B
Adriaan Steyn 11C
Garneth Sookdin 12H
Juandré Nolan 9E

Donderdag
Anneké van Zyl 12E

Vrydag
Jean-Thomas Nolan 12D
Monique Pozyn 12D

PRESTASIES EN UITSLAE

FRAMESBY IS TROTS OP ....



Heelwat van ons leerders het in die afgelope vakansie uitstekend presteer en kan ons met reg BAIE trots op almal wees.

Nicole Cornelius het die algemene derde plek behaal in die *South African Pony Rider Individual Show jumping Championships*, asook die derde plek in die *South African Open Equitation Championships*. Sy was ook deel van die Oos-Kaap-span wat die eerste plek in die spanitem behaal het. Verder het Nicole die trofee as die mees Stylvolle Ruiter verwerf. Baie geluk Nicole met hierdie pragtige prestasie op die heel hoogste vlak!

Karla Muller, oor wie ons verlede keer berig het, se kortverhaal het die EERSTE plek behaal in LitNet se kompetisie vir wetenskap-fiksie. Baie geluk, Karla. Dis regtig ‘n ongelooflike prestasie!

Dewald van Niekerk, die nommer een O/19-skolespeler in Suid-Afrika, is tans in Nederland as deel van die Suid-Afrikaanse Muurbalspan waar hulle aan die Wêreldbyeenkoms deelneem. Dewald was vanjaar reeds in Botswana en Mleisië om sy land te verteenwoordig, en intussen is sy akademie glad nie sleg nie. Pragtig Dewald!

Vyf van ons leeerders, **Franco Boshoff, Jarrad Clark, Carlo Jonck, Joshua Martin en Steven Snyman**, het almal die Mandelabaai distrik in ‘n Interprovinsiale Fietsrybyeenkoms verteenwoordig en baie goed gevaar. Ons sal volgende week meer inligting publiseer, maar hulle het ons naam baie hoog gehou met hul vertonings. Mooi so manne!

Ons **Landloopspan** het die afgelope vakansie ‘n toer na Knysna onderneem en daar aan ‘n landloop-byeenkoms, sowel as verskeie ander wedlope deelgeneem, en baie goed gedoen het. Ons sal ook hieroor meer berig in die volgende uitgawe.

Rugbyprogram teen Grey

Die langverwagte bepaling teen Grey vind môre op ons velde plaas en ons hoop om ALMAL daar te sien! Die Hokkie en Netbal is ongelukkig gekanseleer.				
TYD	**A-VELD**	**TYD**	**B-VELD**	**C-VELD**
09:00	o/14 A	09:30	o/16 B	4de
10:00	o/15 A	10:30	-	o/14 B
11:00	o.16 A	11:30	5de	-
12:20	3de	12:30	o/15 B	o/14 C
13:40	2de			
15:00	1ste			

AKADEMIESE TOP 20

Baie geluk aan die volgende leerders wat in elke Graadgroep die top 20 akademiese presteerders was tydens die afgelope Junie-eksamen. Die senior grade se top-presteerders verskyn hieronder, en die Graad 8 en 9's verskyn op die laaste bladsy.

GRAAD 10		
1	Ludévin Parkinson	89.83
2	Caroline J van Rensburg	88.67
3	Sanri Marx	86.67
4	Leah Nell	85.5
5	Keitlin Mitchell	84.5
6	Marico Bence	84
7	Liza-Marli Swanepoel	83.5
8	Ansunel Van Rooyen	83
9	Lené-Maré Siebert	82.33
10	Wiandré Pieters	81
11	Hanli Lintvelt	80.5
12	Divan Bessinger	79.83
13	Aletia Van Zyl	79.67
14	Danielle Du Toit	79.17
15	Jaco Mclaren	78.5
16	Cameron Lee	78.33
17	Tiaan Coetzee	76.67
18	Karla Muller	76.5
19	Charl Van Greunen	76.17
20	Ruan Botha	76
20	Lisa-Mari Brink	76
20	Janha Du Plessis	76
20	Waldo Kilian	76

GRAAD 11		
1	Ian Gerber	90.83
1	Willem Odendaal	90.83
3	Luan Naude	85.83
4	Lara Havenga	83.83
5	Roelof Roodt	83.17
6	Arné Van Heerden	82.83
7	Bernard Mcdonald	80
7	Tian Smith	80
9	Aniéke Van Jaarsveld	79.33
10	Kyle Snyman	79.17
11	Jason Kaufman	79
12	Ruben Le Roux	78.33
13	Anjelieke Ferreira	78
14	Carissa Struwig	77.83
15	Chante Hugo	77.67
16	Chanel Kelsey	76.5
17	Annemié Blignaut	76
17	Francois Kruger	76
17	Willem Van Der Merwe	76
17	Jaundré Van Huyssteen	76

GRAAD 12		
1	Lizelle Botha	88
2	D J van der Merwe	86.33
3	Ina-Mari van Niekerk	85.67
4	Annalien van Rooyen	84.8
5	Dané Cronjé	84.17
6	Anchen Bosch	83.67
6	Anel Gerber	83.67
8	Karl Bernhardt	83.5
9	Karlien Strydom	83.17
10	Maryna Rheeder	83
11	Déan Nell	82.83
12	Stehan Krause	82.67
13	Charl Stander	82.33
14	Nina Olivier	82.17
15	Michael Landman	82
16	Elrich Botha	81.5
17	Janine van Niekerk	80.67
18	Donné Kritzinger	80.5
19	Waldo Abrahams	78.83
20	Lisa-Marié Elsom	78.5

GR. 12 EKSAMENROOSTER (SEPTEMBER)

September 2015	GRAAD 12	
	Oggend (09:00)	Middag (14:00)
Maandag 31 Augustus	IT Vraestel 1 (3 ure)	English HL & FAL Paper 3 (2½ hrs)
Dinsdag 1 September	CAT Prakties (3 ure)	Toerisme (3 ure)
Woensdag 2 September	Lewenswetenskap Vr. 1 (2½ uur)	Afrikaans HT Vraestel 3 (2½ uur)
Donderdag 3 September		
Vrydag 4 September	Lewensoriëntering (2 uur)	
Maandag 7 September	Rekeningkunde (3 ure)	
Dinsdag 8 September		Musiek Vraestel 1 (3 ure)
Woensdag 9 September	CAT Vraestel 2 (3 ure)	English HL & FAL Paper 1 (2 hrs)
Donderdag 10 Sept.	Besigheidstudies (3 ure)	
Vrydag 11 September	Fisiese Wetenskap Vraestel 1 (3 ure)	Afrikaans HT Vraestel 1 (2 uur)

	Oggend (09:00)	Middag (14:00)
Maandag 14 September	Verbruikerstudie (3 ure)	IT Vraestel 2 (3 ure)
Dinsdag 15 September		
Woensdag 16 September	Fisiese Wetenskap Vraestel 2 (3 ure)	
Donderdag 17 September	Geografie Vraestel 1 (3 ure)	Geografie Vraestel 2 (1½ uur)
Vrydag 18 September	Wiskunde/Wisk. G Vraestel 1 (3 ure)	Afrikaans HT Vraestel 2 (2½ uur)
Maandag 21 September	Wiskunde/Wisk. G Vraestel 2 (3 ure)	Musiek Vraestel 2 (1½ ure)
Dinsdag 22 September	Lewenswetenskap Vr. 2 (2½ uur)	English HL P2 (2½ hrs) English FAL P2 (2 hrs)
Woensdag 23 September		IGO Vraestel 1 (3 ure)
Donderdag 24 September	Openbare vakansiedag	
Vrydag 25 September	Skoolvakansiedag	
Maandag 28 September	IGO Vraestel 2 (3 ure)	

IETSIE VIR DIE SIEL

DIS NIE DIE EINDE NIE

DIT is vir ons blywend noodsaaklik om na die stem van God te luister. Die Bybel is één groot getuienis daarvan dat God met die mense praat. Dit geld ook vir ons, en as ons bereid is om na die stem van God te luister, sal ons weet wat Hy vir ons wil sê. Die stem van God kom op verskillende maniere na ons. Die kanaal waardeur ons die stem van God die suiwerste kan hoor, is uiteraard die Bybel. Die merkwaardige van die Bybel is dat dit die verhaal vertel van hoe God in die verlede met mense gepraat en met hulle omgegaan het.

As ons hierdie verhaal lees, merk ons egter dat dié verhaal nie maar net iets van die verlede is nie, maar dat dit ons ook raak. God gebruik dit om daardeur ook met ons te praat. Tog praat God nie net deur die Bybelwoord met ons nie. Hy kan op allerlei maniere met ons praat. Christus is die ewige Woord van God, en Hy het mag om Homself van allerlei kanale te bedien om met ons te praat. Dikwels gebruik Hy die stem van ander mense om met ons te praat. Dit is nie net die stem van die prediker op die kansel wat vir ons die stem van God kan word nie. God kan ook die stem van ander Christene, en by geleentheid selfs van ongelowiges, gebruik om met ons te praat.

Alle waarheid is God se waarheid. Dit kan gebeur dat ongelowiges insigte het wat van die waarheid getuig. Die kerk was altyd daarvan bewus dat die Griekse wysgere, heidense digters en selfs ateïste soms dinge kon sê waarna die kerk om Christus ontwil moet luister. Dikwels praat God egter ook met ons deur gebeurtenisse, soos bv. deur skokkende dinge wat gebeur, deur die gang van die geskiedenis of deur dinge wat in ons persoonlike lewe voorval. Soms kom die stem van God tot ons in teenspoed, soms praat Hy met ons deur lyding en rampe. Dit pas ons om by elke ding wat met ons gebeur, te vra wat God eintlik daarmee aan ons wil sê.

Natuurlik kan 'n mens die stem van God wat tot jou uit gebeurtenisse kom, maklik misverstaan. Daarom moet ons dit altyd in die lig van die Bybel interpreteer. Die Bybel is die maatstaf vir alles wat God aan ons sê, al gebruik Hy ook ander kanale waardeur Hy met ons praat. In sy verkondiging moet die kerk altyd van die geskrewe Woord van God uitgaan. Daarmee moet hy ook alle stemme beoordeel wat tot hom kom, om te verstaan wat God daardeur aan hom wil sê. Maar die kerk moet versigtig wees om nie agteloos verby te gaan aan die stem van God wat ook langs ander kanale tot hom kom nie. Die kerk moet ook let op die tekens van die tye en veral in tye van beproewing en verwarring soos dié wat ons tans belewe, dubbel versigtig wees om nie horende doof te wees vir die skrif van God aan die muur van ons bestaan nie. Dit sou volkome onverantwoordelik wees.

Uit *Die Burger* 11 Oktober 1986

JUNIOR GRADE TOP 20

GRAAD 8		
1	Carli Van Onselen	93.17
2	Elizabeth Ferreira	93
3	Elné Vosloo	88.33
4	Kaylin Vorster	87.33
5	Nicole Hamilton	87.17
6	Johann Postma	86.33
7	Gérrida Stadler	86.17
8	Nina Woithe	85.33
9	Ruan Du Preez	85
9	Nicole Steenkamp	85
11	Cené Odendaal	84.17
12	Gihahn Abrahams	84
13	Elouise Moolman	82.83
14	Tian Botha	82.67
15	Charlie Hart	82.5
16	Kara Van Heerden	82.17
17	Christo Grobler	81.83
18	Jaden Terblanche	81.33
19	Kayla Herd	80.83
20	Kayleigh Erasmus	79.5
20	Derik Van Der Merwe	79.5
GRAAD 9		
1	Megan Tait	91.83
2	Corné Geldenhuys	87.17
3	Ingebörg Jordaan	86.67
4	Stephanie Oberholzer	86.5
5	Mieke Alberts	85.67
5	Jaco Gerber	85.67
7	Luan Ras	84
8	Elzabé Van Niekerk	83.5
9	Marné Olivier	83.33
10	Louis Potgieter	82.67
11	Amoré Terblanche	82.17
12	Lané Ingram	81.67
13	Huné Erwee	80.67
14	Ruan Reinhardt	80.33
15	Kayla Bester	80.17
16	Chandré Botha	79.33
16	Mieke Stroebel	79.33
18	Bernardt Vlok	78.83
19	Niél Alberts	77.83
20	Tristin Oelofsen	76.67